



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**NOVEMBER 2010**

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.  

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste	(20)
2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd só:  

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute
8. Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genummer is.
9. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.
10. LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL****VRAAG 1**

- Kies EEN vraag en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1

[Uit: *Huisgenoot*, 29 Oktober 2009]

Skryf 'n opstel waarin jy vertel van 'n sangkompetisie waaraan jy deelgeneem het of 'n TV-sepie of 'n TV-drama waarin jy gespeel het.

**[50]****OF**

1.2

## ***Droom GROOT vir die toekoms***

Skryf 'n opstel waarin jy vertel watter groot drome of ideale jy vir die toekoms het.

Dink aan:

- Wat jou drome/ideale vir die toekoms is
- Hoe jy hierdie drome/ideale 'n werklikheid gaan maak
- Hoe dit jou toekoms gaan beïnvloed

**[50]****OF**

1.3

## Lag is die beste medisyne



[Uit: *Image Library*]

Jy het een oggend opgestaan en gevoel die wêreld is teen jou.

Skryf 'n opstel waarin jy argumenteer dat lag goed is vir enige mens. Motiveer jou argument deur te vertel hoe 'n snaakse/grappige insident jou gehelp het om beter te voel.

Dink aan:

- Redes waarom lag goed is vir enige mens
- Hoe jy gevoel het voor die grappige insident
- Watter snaakse/grappige ding gebeur het
- Hoe jy gevoel het nadat jy lekker gelag het

[50]

OF

1.4 **DÍT HET DIE AFRIKAANSPERIODES SPESIAAL GEMAAK**

[Uit: Image Library]

Afrikaans was jou gunstelingvak op skool. Dis nou jare later en jy en jou ou skoolmaats gesels oor die Afrikaansperiodes. Skryf 'n opstel waarin julle terugdink of bespiegel oor wat hierdie periodes so spesiaal gemaak het.

**[50]****OF**

1.5

***Moet tieners geld verdien terwyl hulle nog op skool is?***

Baie matrikulante werk saans, oor naweke en/of gedurende vakansies om geld te verdien.

Skryf 'n opstel waarin jy die voordele en nadele bespreek van matrikulante wat werk om geld te verdien.

Dink aan:

- Die redes waarom matrikulante wil/moet werk
- Watter invloed hierdie werk op hulle skoolwerk het
- Watter invloed hierdie werk op hulle sosiale lewens het

**[50]****OF**

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.  
Gee vir jou skryfstuk 'n titel.

1.6.1



[Uit: Image Library]

[50]

OF

1.6.2



[Uit: Image Library]

[50]

OF

1.6.3



[Uit: *Image Library*]

[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS****VRAAG 2**

- Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

**2.1 KOERANTARTIKEL**

Grootmense is bekommerd oor tieners wat heeldag sms'e stuur. Die grootmense sê dit is sms-taal se skuld dat tieners so swak spel, maar tieners sê sms-taal het baie meer voordele as nadele.

Skryf 'n **artikel** vir julle **skoolkoerant** waarin jy die **VOORDELE** en **NADELE** van sms-taal aan die lesers verduidelik.



[Uit: *Die Burger*, 18 Junie 2009]

[30]

**OF**

**2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy sit gereeld en wonder wat na matriek vir jou in die grootmensewêreld wag. Jy raak bang as jy aan al die moontlikhede dink.

Skryf 'n **brief** aan 'n vriend of vriendin waarin jy sê wat jou bang maak en hoekom jy so bang is vir die grootmensewêreld wat op jou wag.

Dink aan:

- Die uitdagings van die toekoms
- Hoe gereed jy is vir die grootmensewêreld

[30]

**OF**



**2.3 TOESPRAAK**

Julle Afrikaansdepartement het een van die skrywers van julle voorgeskrewe werke genooi om die graad 12-leerders te kom toespreek.

Skryf 'n **toespraak** waarin jy die skrywer aan die graad 12-leerders voorstel.


Dink aan:

- Hoe jy die skrywer gaan verwelkom
- Wat jy wil sê uit die skrywer se CV
- Watter deel van die boek/verhaal julle die meeste geniet het
- Watter probleme julle met sekere dele uit die boek gehad het
- Watter vrae julle graag aan die skrywer wil vra oor die boek/verhaal
- Hoe die graad 12-leerders die skrywer se werk geniet het

**[30]****OF**

## 2.4 PAMFLET

Daar is droogte in groot dele van ons land, maar die mense mors nog steeds baie water.



[Uit: *Image Library*]

Ontwerp 'n **pamflet** namens die munisipaliteit waarin jy wenke aan die mense gee hoe om water te bespaar.

Verdeel die bladsy van jou antwoordeboek in twee dele. Die boonste deel moet die voorkant voorstel en die onderste deel die agterkant, byvoorbeeld:

<b>VOORKANT</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoofopskrif van die pamflet</li> <li>• Redes waarom ons water moet bespaar</li> <li>• 'n Gepaste tekening om die vermorsing van water te illustreer</li> </ul>
<b>AGTERKANT</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wie moet water bespaar</li> <li>• Ten minste 8 wenke hoe om water te bespaar</li> </ul>

[30]

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 3**

- Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

**3.1 POSKAART**

Jy het die eindstryd van die Wêreldbekersokker bygewoon.



[Uit: Image Library]

Teken die **poskaart** in jou antwoordeboek.

Skryf dan 'n poskaart aan jou vriend/vriendin wat nie die sokkereindstryd kon bywoon nie. Vertel van die **ATMOSFEER** op die pawiljoen gedurende die eindstryd.

	<input type="checkbox"/>
	_____
	_____
	_____
	_____

[20]


### 3.2 INFORMELE UITNODIGING

Jou ouers het ingestem dat jy vir jou agtiende verjaardag 'n partytjie by julle huis mag hou.

Skryf die **informele uitnodiging** en verduidelik die roete vanaf die skool na julle huis toe soos die pyltjies aandui.

Dink aan:





- Die dag, datum en tyd
- Adres
- Die tema van die partytjie
- Wat jou gaste moet saambring
- Hoe lank die partytjie gaan aanhou
- Ander reëlins, byvoorbeeld, as iemand wil oorslaap
- Kontakbesonderhede
- Roete vanaf die skool na Madibalaan 17 (Verduidelik kortliks.)



OF

**3.3 KLEINADVERTENSIES**

Skryf die **kleinadvertensies** vir 3.3.1 – 3.3.4 hieronder neer. Elke advertensie moet 20 – 25 woorde wees. Skryf elke keer die nommer en die opskrif van die advertensie neer.

<p>3.3.1</p>  <p><b>MOTOR TE KOOP</b></p>	<p>3.3.2</p>  <p><b>HUIS TE HUUR GEVRA</b></p>
<p>3.3.3</p>  <p><b>WERK AANGEBIED</b></p>	<p>3.3.4</p>  <p><b>VERLORE</b></p>

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**  
**GROOTTOTAAL: 100**